Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR

MY MAKELAARS
MY BROKERS

1996/020487/23

Die klop van jou geldsake
The beat of your finance

Uitgawe 4 2020

Beste kliënte,

"May you live in interesting times" is die Engelse vertaling van 'n Chinese gesegte wat as 'n belediging bedoel word.

Ek het dié gesegte al baie gesien, maar ek dink hierdie jaar is die eerste keer wat ek dit regtig verstaan. Ons het darem 'n interessante jaar gehad! Moontlik so interessant dat ek persoonlik, 'n regtige vervelige jaar, volgende sal verkies.

Onthou jy die brande in Australië waaroor ons so bekommerd was? Dit was DIE JAAR! Dit voel sommer soos jare terug.

Ons het darem ook 'n klomp nuwe vaardighede by geleer hierdie jaar. Ons Zoom nou beter as 'n swerm bye en ons almal het geleer hoe om die kamera op jou skootrekenaar so te stel dat niemand jou pantoffels kan sien nie. Maar daar is ook mense wat geleer het van swaarkry en hoe om skielik met net een inkomste of geen inkomste oor die weg te kom.

Ons het gesien hoe gemeenskappe saamkom en in die moeilikste tye mekaar dra en bystaan; emosioneel, fisies en finansieel.

Ongelukkig is dit in die mens se natuur dat daar nou ook 'n klomp skelms hulle koppe begin uitsteek. En dit is waaroor ek ongelukkig in die nuusbrief met julle moet gesels.

Antonie de Ronde

Antonie de Ronde

071 883 7810 I antonie@mybrokers.co.za

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 4 2020

Scams - Waarvoor moet jy uitkyk

Een van die newe effekte van die pandemie is dat mense desperaat raak. En hiermee bedoel ek nie noodwendig dat ons ‘n styging in misdaad sien nie. Dit natuurlik ook, maar waarna ek verwys is dat slim mense, mense wat van beter behoort te weet, deur slenters gevang word.

Dink jou self in, jou foon lui een middag. Jy is twee weke terug afgelê deur jou werk en is bekommerd, selfs desperaat, omdat jou rekeninge aanhou ophoop. Dis ‘n ou kollega wat bel, julle het mekaar jare laas gesien maar het darem nog kontak gehou van tyd tot tyd. Hy vertel jou dat dit uiteindelik met hom goed gaan. Vir die eerste keer werk sy geld vir hom en hoef hy nie meer elke maand die sente te rek om deur die maand te kom nie. Hy sê ook hy het 'n geleentheid om met jou te kom bespreek.

Jy ken natuurlik al die gesegdes, “Geld groei nie aan bome nie” en “As ‘n ding te goed is om waar te wees, dan is dit gewoonlik”. Dis ook presies wat jou Finansiële Adviseur vir jou sê, toe jy hom bel. Tog bly die gedagte agter in jou kop draai; “Wat as ek die kans laat verby gaan?” “Gaan ek nie later spyt wees nie?”

Dit is seker een van die maklikste slaggate om in te trap.
Een wat jy eintlik vir jou self gestel het.

In 1920 was ‘n kêrel met die naam Charles, die eerste persoon om gearresteer te word vir ‘n slenter, wat vandag bekend staan as ‘n Ponzi Scheme. En alhoewel dit nie die eerste en definitief nie die laaste keer sou wees nie, het Ponzi of piramide skemas bitter min verander.

Meeste mense dink hulle sal nooit deur so ‘n slenter gevang word nie, maar die inleidende storie is juis om te beklemtoon, dat indien dit op die regte oomblik met jou gebeur, selfs die slimste van ons in so ‘n slaggat kan trap.

Dit is dus vir my so belangrik, om nie net vir my kliënte die gewone clichés uit te wys nie maar werklike rooi vlae te wys waarvoor jy moet uitkyk;

Bo-verwagting grote opbrengste
Dit is absoluut krities om te verstaan dat daar niemand in die hele wêreld is wat vir jou konstante opbrengste bo soortgelyke beleggings kan gee sonder om in die donker ander truuks uit te haal nie.
Bernie Madoff, een van die mees berugste swendelaars het sy slagoffers, maar ‘n skamele 16.3% opbrengs beloof. Dit was effens hoër as wat iemand in elk geval op die markte kon kry, en na 48 jaar het sy skema in duie gestort.

Gewaarborgde opbrengste
Terme soos dié word gebruik om voornemende beleggers in te trek. Natuurlik is daar gewaarborgde beleggings wat heeltemal goed is en niks onderduims weg steek nie, maar waar ‘n hoë opbrengs met ‘n waarborg gepaard gaan, moet die rooi ligte begin flikker.

Buitengewone stabiele opbrengste
Elke bate klas, reg oor die wêreld, ry in ‘n skippie waar die waarde van jou belegging gaan styg en daal. Wees altyd ekstra skepties indien die belegging mark kondisies ignoreer en nie wisselvallige opbrengste lewer nie.

Onverstaanbare besigheidsmodel
Ek kan dit nie genoeg beklemtoon dat jy moet verstaan waarin jy belê nie. As jy na vyf minute se verduideliking nog nie seker is waaroor dit gaan nie, los dit eerder onmiddellik uit.

Bitcoin is ‘n baie goeie voorbeeld. Daar is vandag so veel scams wat mense se gebrek aan kennis uitbuit. Die ergste van alles is, sodra iemand begin vrae vra is die antwoord “want bitcoin”.
En omdat die persoon nie genoeg kennis dra of nie dom wil voorkom nie, aanvaar hulle dit so.

LEDE
HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; A de Ronde CFP, LLB.

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 4 2020

Ongereguleerde of ongelisensieerde produkte

In elke jurisdiksie is daar regulatoriese vereistes waaraan besighede en spesifiek finansiële besighede moet voldoen. Indien ‘n maatskappy nie gelisensieerd is of aan die regulasie voldoen nie moet jy onmiddellik dit vermy.

‘n Dryf om nuwe beleggers in te lok

Op die ou einde is alle piramide skemas eenders. Hulle gebruik een persoon se geld om ‘n ander persoon te betaal. Dit beteken om lewend te bly MOET hulle nuwe beleggers lok. Sodra jy sien dat dit die eintlike dryfveer agter hulle modus operandi is, kan jy maar weet hier is ‘n slang in die gras.

Druk om te herbelê

Terselfde tyd is dit net so belangrik om die eerste beleggers wat hulle gevang het, daar te hou. ‘n Piramide skema kan nie bekostig dat beleggers onttrek nie. Onthou, hulle gebruik jou geld om iemand anders te betaal.

Die kultus effek

Die is dan seker die lelikste deel. Mense wat eerste betrokke geraak het, neem amper onmiddellik ‘n ons teen hulle-mentaliteit aan. Dis waarom die nadraai van ‘n piramide skema baie verder reikend is as slegs die finansiële implikasies. Wanneer die ons teen hulle-mentaliteit begin, sal mense bande met vriende en familie breek indien die persoon skepties is oor ‘n geleentheid.

Die verhouding tussen MLM’s en Piramide skemas

Alhoewel daar baie Multi-level marketing maatskappye is wat geldige produkte bemark en op ‘n geldige wyse optree is hierdie tipe get rich quick schemes ook vir my ‘n groot probleem.

‘n Geleentheid wat net aan een van die bogenoemde punte voldoen is nie noodwendig ‘n slenter nie. Maar hoe meer van die punte jy in die geleentheid herken hoe groter is die kans dat dit wel een van die beste maniere is om jou geld te verloor.

Laastens is daar diegene wat bewus is dat dit ‘n piramide skema is, maar hulle redeneer dat net die onderste persone in die skema seer kry en as hulle betyds uitklim, dan het hulle darem geld gemaak. Die is die tipe stelling wat 'n lafaard maak. Jy steel dus willens en wetens by almal onder jou.

Dis vir my werklik opvallend hoeveel van die slenters nou op die horison verskyn, daarom wil ek afsluit deur te vra dat julle ekstra versigtig sal wees, veral in hierdie tyd waar werk skaars is en inkomstes nie gewaarborg is nie.

Bronne, leesstof en interessante skakels:

https://time.com/5877434/first-ponzi-scheme/
https://en.wikipedia.org/wiki/Madoff_investment_scandal
https://money.cnn.com/2013/12/10/news/companies/bernard-madoff-ponzi/
https://www.investor.gov/protect-your-investments/fraud/types-fraud/ponzi-scheme
https://www.moneyweb.co.za/financial-advisor-views/how-to-identify-a-ponzi-scheme/
https://www.youtube.com/watch?v=s6MwGeOm8iI&list=PLN97WzUbS_N2zMVMoyZSdaiHHm4PXnNm3
www.dishonest.co.za

Neem asseblief kennis dat ons kantore sluit op 16 Desember 2020 en heropen op die 5 de Januarie 2021. Ons wens vir julle ‘n baie geseënde Kerstyd toe!

LEDE
HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; A de Ronde CFP, LLB.